Nuus van die Stormpies

Jaargang 22

MEI 2015

Sake vir Danksegging

- Dank die Here vir Sy trou en sorg die afgelope 22 jaar.
- Dank die Here vir die NKA bestuur wat bereid is om volledig agter die werk te staan en die take en verantwoordelikhede op hulle te neem.
- Dank die Here vir almal wat so getrou by ons en ons werk gestaan het deur gebed en finansiële ondersteuning. Dit geld vir mense in Suid-Afrika en ook in Nederland.

Sake vir Voorbidding

Bid asseblief vir die seën van die Here op die volgende:

- Dat Hy vrug op die arbeid sal gee en in liggaamlik, emosionele, geestelik en finansiële behoeftes sal voorsien.
- Dat Marius vanuit die rus van die Here die baie werk sal kan doen en dat hy en Amanda NABY die Here sal bly.
- Bid vir goeie dissipline en organisasie om die verskillende take te kan doen.
- Bid asb vir Niek Mostert wat al baie jare die boekhouding van die NKA behartig. Hy is nou liggamlik nie meer in staat om hierdie werk te doen nie. Hy en Erika het gebed nodig vir al die drastiese aanpassings in hulle lewe.
- Bid dat mense sal reageer op hierdie nuusbrief en die inligting wat ons wil hê sal opstuur, sodat ons kontak kan hou.
- Bid dat ons stamlande in Europa se oë weer oop sal gaan en hulle geestelike nood sal insien.
- Bid vir oop deure vir die bediening onder die kinders en dat die dissipelskap opleiding van Veritas vrug sal dra.

Beste Familie, vriende en belangstellendes,

Hierdie is waarskynlik die LAASTE NUUSBRIEF wat u per gewone pos sal ontvang!

Daarom vra ons u om hierdie inligting noukeurig deur te lees en om dan ook daarvolgens te reageer!

DRINGENDE VERSOEK

Hierdie is die laaste nuusbrief wat u in papierformaat sal ontvang. ☹ Soos u weet is die posdiens in Suid-Afrika nie meer aldag betroubaar nie. Daar is vir ons geen ander keuse as om voortaan 'n elektroniese nuusbrief per e-pos uit te stuur nie. Dit is vir ons baie belangrik om kontak met almal wat betrokke is by ons werk, te hou. Vir verdere kommunikasie is dit **dringend en noodsaaklik** dat u asseblief so gou moontlik die volgende inligting aan ons deur gee:

Stuur 'n E-POS aan: wilna.smit@mweb.co.za
Verskaf asseblief die volgende inligting in die e-pos:
U naam en van:
E-pos adres:
Selfoonnommer:
Ander kontaknommer:
Dorp/Stad/Voorstad:
Gemeente:

Met hierdie kontakbesonderhede kan ons u weer opspoor as u e-pos adres verander het, of om inligting te gee as ons tydens besoeke aan Suid-Afrika in u omgewing gaan wees.

As u reeds betrokke is, het ons u of u eggenote se naam reeds op ons databank. Dit sal baie waardeer word indien u ook bogenoemde inligting van u eggenote kan deurstuur. Dit sal dit baie vergemaklik om die regte nuwe inligting by die regte gesin te plaas. (U kan enige tyd laat weet as u nie meer nuusbriewe wil ontvang nie.)

Let wel: indien u glad nie toegang tot die internet het nie, kan ons die nuusbrief aan u pos, mits u die aangehegte vorm voltooi. U moet dit egter in ag neem dat gewone pos moonlik nie by u kan uitkom nie. Pos dit aan: Posbus 3259, Dalview, 1544 of gee die gegewens aan Wilna Smit deur by wilna.smit@mweb.co.za of 083 233 4957.

Bykomend tot die nuusbriewe kan u ons ook gerus op ons blog volg:
www.stormpies.blogspot.com. Vul u e-pos adres in by die blokkie onder "Volg ons!" om 'n e-pos te ontvang wanneer 'n nuwe artikel op die blog geplaas word. U kry dan 'n epos met n link waarop u moet reageer anders werk dit nog nie.

Doen dit en u ontvang 'n e-pos wanneer daar iets nuut geskryf is.

Die NKA

Die NKA is die organisasie wat in Suid-Afrika na ons belange kyk. Ons is so dankbaar vir wat hulle vir ons beteken. Al die jare is hulle getrou besig om ons te bemoedig en te help. Ons waardeer dit baie.

Die voltallige NKA kommittee was aanwesig by die vergadering in November 2014 toe Amanda in SA was. Hier is 2 foto's geneem tydens die ete van die 2 tafels waar die mense gesit het. Dankie julle ons waardeer julle betrokkenheid.

Ons soek mense wat hulleself wil aanmeld om gebedsversoeke te ontvang en om dan weer deur te gee aan gebedsgroepe waarby hulle betrokke is. As u so iemand is vra die NKA u om hulle asseblief te kontak en aan te meld as voorbidder. U kan dit deurgee op die vormpie of deur middel van 'n e-pos te stuur met u gegewens soos op bl. 1 gevra.

Ons is besorg oor die geestelike klimaat in Europa. Ons stamlande is besig om te verheidens. Ons glo dat dit ons roeping is om nog steeds daar betrokke te wees. Ons is oortuig dat die invloed wat die bediening van Marius en Amanda daar het, 'n verskil maak. Hoe dit gegroei en ontwikkel het en hoe die Here deure oop maak, is vir ons 'n bevestiging.

U kan meer daaroor lees op die Webblog: www.stormpies.blogspot.com. Meld u aan om die nuus te ontvang wanneer daar weer iets geplaas word. Indien u weet van meer mense wat betrokke wil wees meld hulle ook asseblief aan.

Ons vier 22 jaar in Nederland op n besondere manier!!

Omdat Amanda in November in SA moes wees as verteenwoordiger van ons gesin by twee troues, was sy ook by die NKA vergadering wat op 20 November gehou is. Dit was 'n BAIE spesiale vergadering want dit was die presiese datum dat ons TWEE EN TWINTIG jaar gelede in Nederland aangekom het! Dit was die ideale geleentheid om saam met die bestuur wat al hierdie jare agter ons en ons werk gestaan het, fees te vier! 'n Hele paar van die lede is al van die begin af betrokke en wat 'n voorreg was dit nie om 'n terugblik te kon hê op soveel getrouheid van mense, maar veral 'n lofsang aan die Here vir Sy seën, Sy goedheid, Sy sorg, beskerming en leiding deur soveel jare as sendelinge in Nederland.

Nuusbrokkies: Die Here gee meer as wat ons verwag het. (Ef 3:20)

Die afgelope jaar was vir ons 'n behoorlike uitdaging. Ons sien dat die Here op besondere maniere die werk seën, terwyl daar ook gedurig 'n geestelike stryd is. Terwyl ons terugkyk na 22 jaar in Nederland, sien ons terselfdertyd dat IKEG hulle **65ste bestaansjaar** in Nederland gevier het! As ons terugkyk na die afgelope jaar dan wil ons die volgende deel:

IKEG

Kamp 2014

- **'n Besondere span** wat saam werk in IKEG. Ons is 'n klein organisasie, maar die invloed in Nederland is sigbaar en die strewe om by die waarheid van die Woord te bly maak 'n blywende indruk op ons Bybelsgetroue gelowiges. Daar is steeds meer van hierdie gelowiges wat waardering kry vir ons werk en uitgangspunte in kinderwerk.
- Marco en José Baan het **streeksleiers** geword in 2 provinsies van Nederland.
- Die IKEG **kinderkamp** was besonder geseën en 50 kinders het dit bygewoon – een van die kinders het tot geloof gekom!
- Toe ons ons statistieke vir laas jaar uitgewerk het, het ons gesien dat IKEG reeds by meer as 60 kinderklubs betrokke is waarvoor ons mense opgelei het en/of waarvoor ons materiaal. Dank die Here hiervoor!
- IKEG klubs het laas jaar op 13 nuwe plekke begin! By sommige gaan dit baie goed, maar ander vra baie deursettingsvermoë!
- Die Regionale CEF/IKEG konferensie op die hoofkantoor in November was baie geseënd. Ons sien dat dit baie moeilik word om ongelowige

VCK 1 kursus Alblasserdam

kinders in Wes-Europa te bereik. Ons stamlande keer hulle rug al hoe meer op die Here! Dit is die ruggraat van ons roeping – om ons stamlande weer vir die Here te bereik.

- IKEG skoling: Tot Junie maand het Marius en ‘n medewerker die VCK 1 (Verdiepings Cursus Kinderevangeliesasie) in Meteren gegee. Na die somervakansie het hulle op 2 plekke begin met VCK 2. Een word gehou in Apeldoorn en een in Sliedrecht. Hierdie kursusse is elk 13 aande en baie intensief.
- Ons het ‘n “strestest” (selfevaluering) uitgewerk i.v.m. kinderwerk. Kinderwerkers kan dan die 28 vrae op die webwerf invul en sodoende kry hulle ’n beeld van hulle kinderwerk. Ons is soms baie verras oor die uitslae. (www.ikeg.nl/test/test)
- Op verskillende plekke in Nederland het ons in die somermaande mense opgelei om opelugaksies te hou. Ons is bewus van minstens 8 plekke waar sulke opelug klubs gehou was. (Jan Bayense en sy spanne het in Kerkrade alleen elke dag 16 klubs gehou. Barend en Estelle Hefer uit Suid-Afrika het dit bygewoon om te kyk hoe dit gedoen word).

Opelug aksie Breda.

Bemoedigende getuienis:

Op Facebook skryf ‘n juffrou wat ons IKEG kursus gevolg het: *“As ek terugkyk op ‘n mooi klubmiddag…!! (Ja ek is vry op ‘n Woensdag middag …!) was daar ‘n hele klomp kinders van my skoolklas by die klub. Dit is wonderlik om te sien hoe dinge van die IKEG kursus nou ook hier in praktyk toegepas word.”*

Iemand reageer daarop: “*Dit is verseker skitterende materiaal en besonder waardevol om die kursusse van IKEG te volg. Ek raai dit elkeen aan. Ek is nou besig met VCK 2. Heerlik om te doen.*”

Hierop volg die reaksie: “*Ja ons het vanmiddag ook weer ‘n klub gehad, pragtig, ook met die IKEG materiaal … en so gaan dit verder.*” (Uit Nederlands vertaal) Ons reaksie is net – Dankie Here!

Veritas

Veritas Lopikerkapel

- Wat Veritas betref is daar goeie samewerking met die span wat opleiding gee. Die kursus word nou op 8 plekke in Nederland gegee: O.a. in ons eie gemeente, op die Bybelskool in Langbroek, naby Utrecht (aan 55 studente) en in Duistland aan 14 voltydse studente aan die nuwe Gospel for Europe Bybelskool in Grönebach of soos dit genoem word Heilbron. Lees meer hieroor op ons blog “*Uitdagings in Veritas*”.
- Vandat ons vier jaar gelede begin het met Veritas in Nederland is meer as 400 mense opgelei! Ons moedig mense aan om 'n boodskap te gee van die eksegese wat hulle gedoen het. Die resultaat was iets heel besonders. Dit was roerend om ‘n melkboer, wat nog nooit ‘n boodskap gebring het nie, ‘n jong student en ’n ouderling te hoor preek. Dit was veral bemoedigend om te hoor hoe Skrifgetrou en met gesag die Woord verkondig is! Dank die Here saam met ons daarvoor!
- Marius is besig met ’n unieke uitdaging. 5 mense met uiteenlopende doelgroepe word opgelei om moontlik die kursus self te gaan aanbied. Dit benadruk die internasionale karakter van hierdie sendingwerk op ’n besondere manier. (U kan in detail hieroor lees op ons Blog: “*So bemoedig was lank laas.*”) Dit dra by dat toekomstige leiers opgelei word. Dit gebeur dan nie net in Nederland nie, maar ook in ander dele van Europa (Albanië) en selfs ook in Asië. Dit maak ons so opgewonde! Dis vir ons besonder verblydend dat ons seun, Johan Josua ook die kursus volg en hy wil dit graag weer aanbied in hulle gemeente of by sy “soldiers” Bybelstudiegroep.

Veritas leiergroep saam in Australië

‘n Veritas groep in Apeldoorn kry hulle sertifikate. (Estie is ook daarby)

- In Junie maand was Marius deel van die leiersforum van Veritas in Perth Australië. Dit was sy eerste keer in Australië en ook ’n baie bemoedigende en leersame ervaring. Die uitdagings is baie groot en die behoefte om leiers op te lei in die plaaslike gemeentes is ernorm. Bid ook dat hierdie bediening al hoe verder sal uitbrei in die wêreld. Die volgende leiers forum is DV einde Junie in Suid-Afrika en kan dit mooi aansluit aan ‘n besoek aan ons ondersteuners en vriende.
- Bid vir Bennie en Moira Wolvaardt, die leiers, vir wysheid en krag.

Bemoedigende getuienis:

'n Jong vrou wat buitekerklik opgegroei het en die Veritas kursus deel 2 in Apeldoorn volg, het ernstig aan Marius gevra om tog voort te gaan met deel 3 en 4 van die kursus, omdat dit soveel tot nou toe vir haar beteken het. Sy sê dat die Bybel vir haar oop gaan! Self skryf sy *"Dat komt waarschijnlijk ook doordat ik niet echt christelijk ben opgevoed. Dus dit is heel leerzaam voor mij vooral met de uitleg die je geeft worden veel dingen duidelijk."* So 'n bemoediging maak mens bereid om, al is dit net ter wille van haar, verder te gaan.

Ons besoek DV. Suid-Afrika in Julie - Augustus

Soos dinge nou lyk besoek ons as die Here wil, Suid-Afrika in Julie en Augustus. Die datums waarvan ons nou al seker is:

25 Julie Reunie dag Brakpan – Bring en Braai vir almal wat wil. GPK Brakpan, Jim Vininglaan 19, Minnebron, Brakpan. (Kyk op blog vir meer inligting.)
26 Julie GPK Brakpan (oggenddiens)
2 Aug NGK Bonnievale (oggenddiens)
9 Aug NGK Melkbosstrand (oggendiens)
16 Aug NGK Vanderbijlpark Suid (oggenddiens)
23 Aug APK Pretoria-Oos (oggenddiens)
30 Aug NGK Sonder Mure, Pretoria (oggend)
6 Sept Jubilate gemeente Benoni (oggend) Middag – opera geleentheid Pretoria
7 Sept vlieg ons DV terug na Nederland.

Wil u u Bybelstudiegroep of sel groep vra of ons daar mag vertel oor ons werk? Bel graag na Wilna Smit (012) 661-3206 of stuur 'n e-pos na stormpies@gmail.com en gee die inligting deur.

Spesiale Reunie dag - Bring en Braai: Saterdag 25 julie!

Ons sal baie graag ou gemeentelede en vriende en veral hulle kinders ook weer wil ontmoet. Nooi ook u kinders. Ons wil dit doen deur by die GPK Brakpan in Minnebron (Jim Vininglaan 19) 'n bring en braai te hou. Daniël en Estie gaan ook daar wees. Maak dit 'n uitstappiedag.

10.00 Aankoms met koffie, tee en ontmoeting.
11.00 Marius en Amanda vertel wat oor die afgelope 22 jaar gebeur het.
12.00 Vure sal gereed wees vir braaivleis (Bring asb. eie vleis en eetgerei saam)
15.00 Kort boodskap en afsluiting

Familie nuus

Ons het besluit om hierdie keer ons familienuus te beperk tot nuus van 2 troues.

Eerstens is Johan Josua en Leonie op 17 Julie 2014 getroud. Dit was 'n pragtige geleentheid en die bruidegom en bruid het gestraal! Ons was bevoorreg om 'n paar Suid-Afrikaanse gaste by ons te hê.

Skoonsus Annamie het die Storms verteenwoordig, Riaan en Wilna Smit met hulle twee seuns, Barend en Estelle Hefer, Emelie Hefer en Melindie Pretorius het o.a as vriende, maar ook as verteenwoordiging van die NKA komitee ons kom verbly met hulle teenwoordigheid. Natuurlik ly ons so 'n bietjie aan 'n leë nes sindroom, noudat die laaste kuiken die nes verlaat het… ☺☹

Dit was 'n voorreg vir Amanda om op Barend en Estelle Hefer se troue in November te kon wees. Dit was 'n pragtige geleentheid waar die Here se Naam verheerlik is. Nog 'n pragtige verblydende dag is toe André (seun van Marius se broer) en Jana trou beloof het aan mekaar op 13 Desember en weer kon Amanda daar wees as ooggetuie. Dit is tog ekstra spesiaal om as familie mekaar so by spesiale byeenkomste te kon ondersteun.

Mag die Here julle seën in dit wat julle vir Hom doen en mag Hy julle bewaar!

Nuus van die Stormpies NKA / IKEG / CEF / VERITAS

IN SUID-AFRIKA
Posadres:
Posbus 3259
Dalview
1544

Tel. nr.: (012) 661-3206

E-pos:
wilna.smit@mweb.co.za

Blog:
www.stormpies.blogspot.com

Internet:
www.stormpies.co.za
www.ikeg.nl
www.veritascollege.org

IN NEDERLAND:
Posadres:
Marius en Amanda Storm
Gruttersdreef 106
NL-7328 DN Apeldoorn
Nederland

Tel. nr.: +31 6 27 40 26 28
Skype: stormpjes

E-pos:
stormpies@gmail.com

Ons is afhanklik van bydraes vir ons lewensonderhoud. As die Here dit op u hart lê, kan u 'n bydra in die volgende rekening inbetaal:

Rekening: NKA
Bank: ABSA
Rek. nr.: 240 145 995

Met een hartelijke Nederlandse groet,
Marius en Amanda Storm